# Week 7

# Leef as die liggaam van Christus

## Geheuevers:

*Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.*

*Efesiërs 4:17-32*

# PERSOONLIKE STUDIE

## Lees Efesiërs 4:17-32

### INDLEIDENDE OPMERKINGS:

Alreeds en nog nie. Dit is hoe ons Christus ervaar. Ons het *reeds* uit geestelike duisternis in Sy lig ingekom. Ons het *reeds* Sy genade ontvang en Hom leer ken. Maar ons leef *nog nie* heeltemal soos God ons wil hê nie. Ons het *nog nie* opgedaag (aangekom) nie.

Soos die Efesiërs verstaan wat God vir hulle en in hulle gedoen het, moet hulle hul lewens verander. Daar behoort 'n besliste verskil te wees tussen hulle ou leefstyl en hulle nuwe lewens in Christus. Hulle moet uitgesonder word van diegene rondom hulle. Hulle moet uitstaan.

In 'n wêreld gevul met haat, misleiding en onsedelikheid, moet volgelinge van Christus gekenmerk word deur liefde, vergifnis, waarheid en reinheid. Hierdie gedeelte daag ons uit om die ou dinge agter ons te sit en om ons nuwe identiteit in Christus te begin uitleef.

**STUDIEVRAE:**

Wanneer dit kom by die verandering van ons gedrag, stem jy saam dat die plek om te begin die verstand eerder as die liggaam is? Verduidelik jou antwoord.

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Efesiërs 4:17-18. Hoe beskryf Paulus die verstand en hart van die heidene?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Efesiërs 4:19. Wat is die gevolge van daardie toestand? Hoe is daardie gedrag en denke soortgelyk aan ons kultuur vandag?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Efesiërs 4:20-24. Watter onderrig het die gelowiges ontvang?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Wat dink jy beteken dit om die ou self af te stel (vers 22)? En om die nuwe self aan te trek? (Verwys na Kolossense 3:14.)

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Hoe beïnvloed jou gesindhede die manier waarop jy leef (vers 23)? (Verwys ook na Kolossense 3:2 en 10.) Hoe leef jy as 'n nuwe self?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Efesiërs 4:25-32. Wat sê Paulus vir ons om uit te trek? Wat sê hy vir ons om aan te trek? Watter rede gee hy om hierdie dinge te doen?

| Uittrek | Aantrek | Rede |
|---|---|---|
| *bv. Valsheid* | *bv. Praat die waarheid* | *bv. Ons is lede van een liggaam.* |

Hoe wys hierdie instruksies die belangrikheid van gesonde kommunikasie om eenheid te bevorder (vers 29)? Watter soort praatjies kan as ongesond gesien word?

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

Watter van hierdie ou maniere van dink en optree moet jy uittrek?

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

**SLOTOPMERKINGS:**

God is liefde en sy genade is oor al sy werke. Die seën van Sy liefde kom na ons toe nie omdat ons dit verdien nie, maar weens Sy soewereine genade.

Baie kerkgangers is onkundig oor die groot geestelike rykdom wat hulle s’n is in Christus. Gelowiges het dalk baie kennis oor die Bybel en die Christelike geloof, maar hulle faal om volgens hierdie waarhede te lewe.

Om 'n swak geestelike lewe te hê, is 'n tragedie. In die eerste deel van sy brief aan die Efesiërs herinner Paulus hulle daaraan dat die kinders van God rykdom en hulpbronne besit wat onmetelik is. Ons het die vermoë om 'n oorvloedige lewe te ervaar (verwys na Johannes 10:10).

Vir God om die eer te ontvang wat Hy verdien en sodat ons die vervulling en doel waarvoor ons geskape is, kan vind, het ons nodig dat God ons harte in beweging bring. Ons het verligting en motivering nodig, en ons hoef net te vra. God wil hê ons moet die ryk bestaan ervaar wat moontlik is wanneer ons gevul is met die volheid van God.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheue vers:

*Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.*

*Efesiërs 4:17-32*

## Nadenke:

Deel met die groeplede hoe God hierdie week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

Efesiërs 4:17-32

## Besprekingsvrae

Lees Efesiërs 4:17-19. Wat sê Paulus oor hoe die heidene (afgodsdienaars, ongelowiges) leef? Is dit vandag nog waar? Bespreek in die groep.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

Lees Efesiërs 4:20-24. Hoe kan ons die ou self opsy skuif? (Verwys na Kolossense 3:5(a), 8-9)  Hoe leef jy as 'n nuwe self? Beteken dit ons het twee persoonlikhede? (Verwys ook na Kolossense 3:2 en 10.) Bespreek.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

Wat kan ons doen om ons denke te vernuwe (vers 23)? (Verwys ook na Romeine 12:2) Bespreek in die groep.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

Hoe speel die wrywing tussen die ou self en die nuwe self in ons daaglikse lewens af? Bespreek.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Lees Efesiërs 4:29. Hoe wys hierdie instruksies op die belangrikheid van gesonde kommunikasie om eenheid te bevorder? Watter soort praatjies kan as ongesond gesien word? Bespreek as 'n groep.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Wat is een nuwe gesindheid of karaktereienskap wat jy moet aantrek? Hoe sal jy die krag kry om dit te doen? Bespreek in die groep.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Sluit af met gebed**